


# SPORT
## SUPERUGBY




**Crusaders vs Highlanders**
In Christchurch klop die Saders die Highlanders gemaklik 45-22. Die Saders is feitlik seker van ‘n semi-finaal tuis met die Highlanders se vlerke geknip. Die Saders se laaste *game* is teen die Blues in Christchurch met die Highlanders wat in Dunedin teen die Rebels gaan uitdraf.

**Reds vs Rebels**
Die Reds behaal ‘n welverdiende sege oor die Rebels in Brisbane en wen 37-22. Danksy die verrassende nederlaag beklee die Rebels steeds die tweede plek op die Aussie konferensie. Die Reds speel volgende teen die Sunwolwes in Brisbane met die Rebels wat teen die Highlanders in Dunedin gaan uitdraf.

**Chiefs vs Brumbies**
Die Chiefs stuit die Brumbies in Hamilton en wen 24-19 danksy skitter spel deur die All Balck Damian McKenzie. Vir beide hierdie twee spanne is die 2018 super reeks vir eers iets van die verlede. Die Chiefs het ‘n harde *game* op hande teen die Hurricanes met die Brumbies wat in ‘n Aussie derby gaan kragte meet met die Waratahs in Sydney.

**Hurricanes vs Blues**
Die Hurricanes met Beauden Barrett, weer terug op tien, het gekook ou grote! Die All Black senter Ngani Laumape het meesterlik op senter vertoon en druk vier drieë in hul oorwinning van 42-24. Die Canes beklee tans die tweede plek op die NZ Konferensie en speel hulle laaste *game* teen die Chiefs in Hamilton wat beloof om ‘n riller te wees. Die Blues moet die Saders in Christchurch loop speel.

**Waratahs vs Sunwolwes**
En daar word die Japannese Wolwe se tjank afgetrap en loop hulle vas teen ‘n begeesterde Waratahs span in Sydney en verloor 77-25. Met hierdie oorwinning is die Tahs ook nou verseker van ‘n tuis semi-finaal. Die Tahs draf volgende teen die Brumbies in Sydney uit met die Wolwe wat teen die Reds in Brisbane gaan uitdraf.

**Bulle vs Jaguares**
Op Fort Loftus behaal die Bulle ‘n goeie oorwinning oor die stert in die lug Jaguares ou grote en wen 43-34. Die Bulle is ‘n baie beter span as wat hulle rekord vir die seisoen wys en kan volgende jaar beslis weer ‘n krag wees. Die Bulle se laaste *game* van die seisoen is die grote teen die Leeus op Ellispark. Die Jaguares op hulle beurt reis Durban toe om teen die Haaie uit te draf wat ‘n mini eindstryd gaan wees vir die twee spanne.

**Stormers vs Haaie**
Op Nuweland speel die Stormers dalk hulle beste *game* van die seisoen en wen 27-16. Die Haaie het hulself nou onder geweldige groepsdruk geplaas met hierdie verloor en moet nou die Jaguares in Durban klop en hoop dat die Rebels hulle *game* teen die Highlanders verloor om sodoende die laaste agt te haal vir die uitspeel games. Die Stormers het ‘n loslootjie en hulle super tassies is gepak vir 2018.


**Nag ou grote...**

**We need your blood!**

**Donate blood** at the South African National Blood Service (SANBS) Rustenburg, situated at the Lifestyle Square centre in Beyers Naude Drive, Rustenburg. Pop in before you do your shopping! Your blood can save up to three lives! You can donate blood every 56 days.
**For more information visit www.sanbs.org.za or give SANBS Rustenburg a call at 014-594 2771.**

SANBS
South African National Blood Service

# Hoera! Die Thabazimbi Skou is amper hier!


Jo Black tree Donderdagaand op – moet hom nie misloop nie!

**Thabazimbi** – Te midde van ernstige politieke verwikkelinge vier Thabazimbi Landbou en Nywerheidsgenootskap vanjaar hul 64ste bestaansjaar.
Nege jaar na die tweede wêreldoorlog was die eerste skou gehou. Deur droogte, rampe en vloede tesame met mynbou het Thabazimbi die ruggraat van die gemeenskap gebly. Die beesbedryf in die sosveld het mettertyd, na 2000 begin agteruitgaan en het die wildbedryf in ‘n nuwe formaat grootliks beeste op plase vervang. Bittermin bona fide beesboere het in die bosveld oorgebly. Ondanks dit, het Thabazimbi skou as ‘n groot beesskou bly voortbestaan. Met die ekonomiese verval van die wildbedryf na 2016, bestaan Thabazimbi skou nou as een van die grootste beesskoue in die land, indien nie die grootste nie! Die Brahmane se Limpopo kampioenskappe met meer as 250 beeste vind vanjaar hier plaas, so ook die nasionale kampioenskappe van die Pinzgauer ras met 150 beeste. Die verwagting is dat hier tien beesrasse gaan wees. Op Saterdag 28 Julie word daar ook ‘n reuse Boerbok Kalahari red en meatmaster kleinvee veiling gehou. Die mallemeule wat ons jaarliks besoek is van hoogstaande veiligheids standaarde. Die komitee keur die afgelope tien jaar stalletjies wat aansoek doen. Net stalletjies van goeie gehalte word toegelaat. Kosstalletjies op die skou se produkte is onverbeterlik as gevolg van die keurproses. Daar is Donderdagaand, Vrydagaand en Saterdagaand gaskunstenaars by name, Jo Black (Donderdagaand), DZL tydens die Mej. Thabazimbi kroning (Vrydagaand) en twee kunstenaars op Saterdag 28 Julie, naamlik Amore Vittoni en Adam Tas. Ons hoop dat die program voorsiening sal maak vir elkeen op Thabazimbi en die omliggende gemeenskap. Hou die sosiale media en *Platinum Bushvelder* dop vir meer volledige inligting. Vir meer informasie, besoek www.thabazimbiskou.co.za.
**Skougroete, Jan Trichardt**

Send your event listing to news@platinumweekly.co.za ** Free Placement!

# PLATINUM EVENT DIARY

| EVENT NAME | DATE | VENUE | CONTACT NO | EMAIL / WEBSITE |
|---|---|---|---|---|
| 2nd annual Live Loud Mid-Year Break | 13-15 Jul '18 | RTB: Sun City Resort | 072-222 4383 | gilda@5fm.co.za |
| Martin Bester Vir Die Liefde Toer | 14 Jul '18 | RTB: Hunters Pub & Grill | 082-726 0625 | coetzermariette@gmail.com |
| Abba Emporium Crafts Market | 14 Jul '18 | RTB: Matfar Motor City (Waterfall Mall) | 082-978 6759 | mo@taz.co.za |
| Holiday Entertainment – Soccer world cup live viewing | 15 Jul '18 | RTB: Boitekong Mall | 082-823 8806 | elize@mseed.co.za |
| Birdlife Rustenburg Montly Meeting | 16 Jul '18 | RTB: Methodist Church | 083-702 1462 | shaunmcgillewie@gmail.com |
| Mandela day centenary | 18 Jul '18 | RTB: Boitekong Mall | 082-823 8806 | elize@mseed.co.za |
| Golden Oldies Christmas In July (Ward 16 Pensioners) | 18 Jul '18 | RTB: WA VAN ZYL HALL | 083-321 4204 | rustenburgward16@gmail.com |
| Mandela dag | 18 Jul '18 | RTB: Platinum Square Centre | 082-823 8806 | elize@mseed.co.za |
| Don Laka & Ezbie Moilwa | 21 July '18 | RTB: Rustenburg Civic Centre | 084-333 308 | sales@northwestradioads.co.za |
| Birdlife Outing | 21 Jul '18 | RTB: Olifantsnek Dam & Rockwall Dam | 083-702 1462 | shaunmcgillewie@gmail.com |
| Evert Swart | 27 Jul '18 | RTB: Buffalo Grill Restaurant | 076-725 7140 | Info@buffalogrill.co.za |
| Waterfall Mall Wedding Expo | 25-29 Jul '18 | RTB: Waterfall Mall | 082-652 0973 | renee@rmmm.co.za |
| Rainhill Market | 29 Jul '18 | RTB: Rainhill Farm | 072-601 7853 | markhartley@gmail.com |
| Chris Chameleon | 3 Aug '18 | RTB: Tarentaal Teater | 079-221 3044 | maryna@tarentaalteater.co.za |